Schizachyrium jeffreysii

E: silky autumn grass, slit grass

A: harige herfsgras

D: ?

Habitat: Dit kom voor in bosveld met redelik hoë reënval, in sandveld naby vleie, langs riviere of in laagtes in suidelike tropiese Afrika tot by Demokratiese Rep. Congo (DRC).

Voorkoms: Halmhoogte tot 1m, pol-en blaarhoogte tot 60cm, blare is breed maar onsmaaklik en hard, word nie graag deur diere gevreet nie.

In herfs verkleur die hele plant na roesrooi en trek die oog. Hierdie gras vorm rooi kolle wat tussen die andersins strooikleurige grasse uitstaan en kan ‘n aanwins in die tuin wees (moontlikheid vir oormatige uitbreiding is skraal).

Dit kan verwar word met *Schizachyrium sanguineum*, (Kleindekgras, Rooiherfsgras, spear grass) en ook met *Sch.exile* wat ‘n soortgelyke voorkoms het, maar sonder die syagtige hare by die saad.

Inligting: Guide to **Grasses** of southern Africa (Frits van Oudtshoorn),
Grasse van Suidwes-Afrika/Namibië (M.A.N. Muller, Illustrasies van W.Giess en B.Loutit)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Julie 2021